## 23.9 RAPPORT 4 – DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – *DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD* (Art 179)

## 23.9 REPORT 4 – DEPUTIES PUBLICATIONS – CHURCH JOURNALS – *DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD* (Art 179)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Inleidend**<br>*Die Gereformeerde Vroueblad* word uitgegee onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die GKSA met die hulp van 'n Redaksiekommissie.<br><br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Items Introduction**<br>*Die Gereformeerde Vroueblad* is published under the supervision of the Deputies Church Journals of the GKSA, with the assistance of the Editorial Commission.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Doelstellings**<br>2.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* is Skrifgetrou.<br>2.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* wil die geloofsgemeenskap tussen die susters van die GKSA landswyd bevorder.<br><br>2.3 *Die Vroueblad* bied<br>2.3.1 Geestelike verryking en verdieping;<br>2.3.2 Vars gemeentenuus;<br>2.3.3 Artikels wat ook riglyne vir vrouens gee in hulle daaglikse lewe.<br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.3 kennis geneem.** | **2. Objectives**<br>2.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* is Scripturally sound.<br>2.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* seeks to promote the fellowship of faith amongst the sisters of the GKSA across the country.<br>2.3 *Die Vroueblad* offers<br>2.3.1 spiritual enrichment and development;<br>2.3.2 new congregation news; and<br>2.3.3 articles offering guidelines to women on their daily lives.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.3.3 noted.** |
| **3. Samestelling van Redaksie 2015-2018**<br><br>Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan uit die volgende lede: Mevv Cobie Steyn (voors), Griet Swanepoel, Marlette van Rooyen (sekr), Grietjie Prinsloo, Annamie Odendaal, Karien Brink en ds Johan Botha.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **3. Composition of editorial staff 2015-2018**<br>The Editorial Commission of the *Die Gereformeerde Vroueblad* comprises the following members: Mmes Cobie Steyn (c), Griet Swanepoel, Marlette van Rooyen (secr), Grietjie Prinsloo, Annamie Odendaal, Karien Brink and Rev Johan Botha.<br>**Decision: Noted.** |
| **4. Uitvoering van opdrag**<br>4.1 *Werkswyse*<br>4.1.1 Die Redaksie het 'n werksverdeling gedoen en elke lid van die Redaksie het 'n spesifieke werk. Griet Swanepoel is as Assistent-Redakteur aangewys. Twee redaksielede, by name | **4. Execution of mandate**<br>4.1 *Procedures*<br>4.1.1 The Editorial staff are each tasked with a specific section of the work. Griet Swanepoel was appointed as assistant editor. Two staff members, namely Annelize Fourie and Prof Ben de Klerk, |

| | |
|---|---|
| Annelize Fourie en prof Ben de Klerk, het uitgetree en in hulle plekke is Grietjie Prinsloo en ds Johan Botha aangewys. Grietjie Prinsloo is aangewys spesifiek met die opdrag om ons Facebookblad en Webwerf te hanteer. Ds Johan Botha het 'n tyd lank nog "Ds Sê My" hanteer en is tans op die Redaksie om ons van teologiese raad te bedien. | stepped down and Grietjie Prinsloo and Rev Johan Botha were appointed in their place. Grietjie Prinsloo was specifically appointed to manage the Facebook page and website, while Rev Johan Botha headed "Ds Sê My" (Rev Tell Me) for some time and now provides theological advice. |
| 4.1.2 Die beplanning van die blad word gesamentlik gedoen deur middel van maandelikse Elektroniese Saampraat-geleenthede asook telefoonkonferensies en al die lede help met die werwing van bydraes. | 4.1.2 The planning of the journal is done collectively, by means of monthly electronic conferences and telephone conferences, and members assist in obtaining donations. |
| 4.1.3 Die Redaksie kon vanweë omstandighede nie fisiek vergader nie, maar ons bly elektronies met mekaar skakel en hou telefoonkonferensies wanneer oor indringende sake besluit moet word. | 4.1.3 The Editorial staff cannot physically meet, due to circumstances, but we remain in contact electronically and hold telephone conferences for decisions on urgent matters. |
| 4.1.4 Vergaderings/telefoonkonferensies van die Deputate Kerklike Tydskrifte, soos van tyd tot tyd geskeduleer, is deur mev Steyn bygewoon. | 4.1.4 Mrs Steyn attended the meetings/ telephone conferences of the Deputies Church Journals, scheduled from time to time. |
| 4.2 *Tegniese versorging* | 4.2 *Technical appearance* |
| 4.2.1 Die voorblaaie en bladuitleg word – in noue samewerking met die Redakteur – gedoen deur ons professionele bladuitlegkunstenaar, Karien Brink. Die Redakteur – met een of twee redaksielede wat haar wanneer nodig bystaan – is verantwoordelik vir die taalversorging, proefleeswerk en persklaarmaking van die blad. | 4.2.1 The front page and page layout are done – in close cooperation with the Editor – by our professional page layout artist, Karien Brink. The editor – with one or two members of the editorial staff assisting, when necessary – is responsible for the language editing, proofreading and finalising the journal for printing. |
| 4.3 *Inhoud van die blad* | 4.3 *Content of journal* |
| 4.3.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* bevat maandeliks rubrieke gerig op die gelowige vrou, wat die volgende insluit: Vrae oor geloofsake (Tans: "Sodat my huis kan vol word wat fokus op Evangelisasie), Gemeente-Mosaïek – wat ons verfyn het met ons maandelikse Gemeentekuier by verskillende gemeentes in die land en dat ons ook so hoor van sustersaktiwiteite, nuuswaardige geleenthede op kerklike terrein en die bekendstelling van diensorganisasies. Ankie de Klerk stel Die Gemeentekuiers vir ons op. Daar verskyn maandeliks drie IN DIEPTE-artikels wat die gekose tema vir die maand Skriftuurlik begrond, en ons kry dan 3 susters uit die Ge- | 4.3.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* includes monthly columns directed at the believing woman such as: questions of faith (present issue: "Sodat my huis kan vol word" which focuses on evangelism), Gemeente-Mosaïek – which we have refined through our monthly congregation visit at different congregations in the country, arranged for us by Ankie de Klerk, and to also hear of sisters' activities, newsworthy events in the church and the introduction of service organisation. Every month three IN DIEPTE (in-depth) articles are published to Scripturally elucidate the chosen theme for that month and then we visit with three sisters from the congregation to |

| | |
|---|---|
| meente by wie ons kuier om ook saam te gesels oor die IN DIEPTE-temas. Die LEEFDINGE-ARTIKELS pas die IN DIEPTE-artikels prakties toe in ons lewens van elke dag. Dan is daar ook nog 'n ligter skets, TEKS & VERS; BYBELSE BERADING, BOEKEBLAD, HARTSKATTE en KALEIDOSKOOP. WOORDWYS UIT WAKKERSTROOM is nou vervang met FOKUS OP DIE GELOWIGE VROU VAN VANDAG en LENS OP DIE BYBEL met DIE VROU: VERHOUDINGSWESE. Rubrieke moet gereeld afgewissel word en vars bly om die hedendaagse leser se aandag te behou. | discuss the themes. The LEEFDINGE articles (life stuff) apply the IN DIEPTE articles practically to our everyday lives. Then there is also a light-hearted sketch, TEKS & VERS (text and verse); BYBELSE BERADING (Biblical coun-selling), BOEKEBLAD (book review), HARTSKATTE (heart treasures) and KALEIDOSKOOP (kaleidoscope). WOORDWYS UIT WAKKERSTROOM (word wise from Wakkerstroom) has been replaced with FOKUS OP DIE GELOWIGE VROU VAN VANDAG (focus on the believing woman today) and LENS OP DIE BYBEL (lens on the Bible) with DIE VROU: VERHOU-DINGSWESE (the woman: relationship being). Columns must be regularly alternated and remain fresh to keep the reader's attention these days. |
| 4.4 *Kommunikasie, reklame en bemarking* | 4.4 *Communication, press and marketing* |
| 4.4.1 Die Redaksie streef daarna om goeie kommunikasie met die lesers op te bou. Kansellasies en die redes daarvoor, word altyd opgevolg en moontlike oplossings word gesoek. | 4.4.1 The Editorial staff strives to build good communication with readers. Cancel-lations and their motivations are always followed up and possible solutions sought. |
| 4.4.2 Dit bly 'n bekommernis dat die intekenaartal jaarliks daal. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat daar gedrukte tydskrifte (sekulêr) is wat ook onder druk is omdat die mense geneig is om deesdae eerder elektronies te lees. Daarom het die Redaksie alreeds voorkomend opge-tree deur Grietjie Prinsloo aan te stel om vir ons *Facebook* te hanteer en ook om 'n webblad op die been te bring. Op ons webblad plaas ons artikels wat reeds gepubliseer is, en daar kan ons ook dan sien watter onderwerpe die mees gewilde onder ons lesers is. | 4.4.2 It is of concern that the subscription number decline every year. Printed journals (secular) are also, however, feeling the pressure, since people prefer the electronic version these days. So the editorial staff took pro-active measures by appointing Grietjie Prinsloo to manage our *Facebook* page and also establish a website. The website features articles already published, which indicates the most popular topics among readers. |
| 4.4.3 Die Redaksie beoog om dieper op die saak van elektroniese media in te gaan en hoe ons moontlik die elektroniese media beter kan inspan om die tydskrif se voortbestaan te verseker: gedruk en elektronies. Dit is egter nog toekomsmusiek en ons beplan om in die eerste helfte van 2018 hieraan aandag te gee. | 4.4.3 The Editorial staff plan to explore electronic media further to see how such media could possibly be better applied to ensure the journal's continued existence: both printed and electronic. This we will be address the first half of 2018. |
| 4.4.4 Elke jaar doen ons sekretaresse, Marlette van Rooyen baie moeite om *Die Gereformeerde Vroueblad* te bemark by die Saamtrekke, maar dit | 4.4.4 Marlette van Rooyen, our secretary, goes to great effort to market *Die Gereformeerde Vroueblad* every year at sister gatherings, but it is sad to see |

| | |
|---|---|
| raak toenemend hartseer dat sommige streke nie eers tyd wil afstaan aan die bemarking van ons eie tydskrif nie. Susters sal weer in hierdie verband aangemoedig en opgeskerp moet word. | that more and more regions are unwilling to offer time for the marketing of our own journal. Sisters will have to be re-educated and encouraged in this regard. |
| 4.4.5 Die Redaksiekommissie kry goeie terugvoering oor die blad, en dit spoor ons aan om aan te hou en moed te hou vir ons blad. | 4.4.5 The Editorial Commission receives positive feedback on the journal and this motivates us to continue keeping the faith for our journal. |
| 4.4.6 Die blad se Bladbouerfonds word steeds ondersteun deur donasies van lesers en sustersgroepe. Die Bladbouersfonds staan onder beheer van die Redaksie en ons poog om so verantwoordelik moontlik met die fondse om te gaan. | 4.4.6 The journal's journal building fund is still being supported by donations from readers and sister groups. This fund is managed by the Editorial staff and we endeavour to spend the funds as responsibly as possible. |
| 4.5 *Saamtrekke* | 4.5 *Sister gatherings* |
| 4.5.1 Die Redaksiekommissie skakel jaarliks met dr Wymie Du Plessis vir die reëlings van die saamtrekke. Die Redaksiekommissie is ook verantwoordelik vir die uiteindelike formulering van die tema vir elke jaar se saamtrekgeleenthede. | 4.5.1 The Editorial Commission communicate yearly with dr Wymie du Plessis regarding the details on gatherings. The commission is also responsible for the eventual formulation of the theme for the gatherings every year. |
| 4.5.2 In Juliemaande se uitgawes publiseer ons die Saamtrekbylaag waarin die verskillende streke berig oor hulle saamtrekke. Die toerustingsgeleenthede word ook verwerk tot artikels, sodat susters dwarsoor die land kan lees wat in die ander streke gebeur het. | 4.5.2 Every July we publish a supplement on gatherings, in which the different regions report on their gatherings. The equipping opportunities are also reworked into articles that sisters across the country may read about activities in other region. |
| 4.6 *Verspreiding* | 4.6 *Distribution* |
| 4.6.1 Om koste te bespaar word die kerklike tydskrifte, waar moontlik, gesamentlik versend. Groepsintekening word aangemoedig, en ons moedig lesers ook aan om elektronies in te teken. | 4.6.1 The church journals are sent collectively, whenever possible, as cost-saving measure. Group as well as electronic subscription is encouraged. |
| **Besluit: Punte 4.1 tot 4.6.1 kennis geneem.** | **Decision: Points 4.1 to 4.6.1 noted.** |
| **5. Dankbetuigings** | **5. Expression of appreciation** |
| 5.1 Die Redaksie van *Die Gereformeerde Vroueblad* spreek hulle hartlike dank uit teenoor die Deputate Kerklike Tydskrifte vir hulle leiding en ondersteuning. | 5.1 The editorial staff of *Die Gereformeerde Vroueblad* expresses their heartfelt thanks to the Deputies Church Journals for their guidance and support. |
| 5.2 Die Redaksiekommissie vertrou dat hulle die taak wat aan hulle opgedra is, bevredigend uitgevoer het. | 5.2 The Editorial Commission trusts that they have completed the task entrusted to them well. |
| **Besluit: Punte 5.1 en 5.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 5.1 and 5.2 noted.** |